Tshiamiso TRUST

OPSOMMING VAN TSHIAMISO TRUSTAKTE

Let asseblief daarop dat hierdie opsomming van die Tshiamiso Trustakte opgestel is om eisers en ander belanghebbende partye by te staan met 'n korter oorsig van die wetlike mandaat van die Trust. Hierdie opsomming is nie 'n wetlik bindende dokument nie.

Geskiedenis

Die klasaksieskikking en Trustakte oor silikose en tuberkulose is 'n ooreenkoms tussen ses mynmaatskappye en die prokureurs wat mynwerkers verteenwoordig het wat skadevergoeding van daardie maatskappye wou eis.

Die betrokke maatskappye is African Rainbow Minerals, Anglo American SA, AngloGold Ashanti, Gold Fields, Harmony en Sibanye-Stillwater. Die eisers se prokureurs is Richard Spoor Inc, Abraham Kiewitz Inc en die Sentrum vir Regshulpbronne.

Die doel van die Trust word gedefinieer as "om uitvoering te gee aan die Skikkingsooreenkoms en voordele te verskaf aan kwalifiserende eisers (synde die begunstigdes van die Trust) volgens die bedrae en die voorwaardes in hierdie Trustakte uiteengesit (Trust se Doel). Die aktiwiteite van die Trust sal gerig wees op, en die Trustfonds sal aangewend word in die najaging van, die Trust se doel".

Vir wie geld die Trustskikking?

Die skikkingsooreenkoms geld vir byna alle goudmynwerkers wat risikowerk by een van die 82 goudmyne gedoen het wat aan hierdie ses maatskappye behoort. Risikowerk word in die Trustakte gedefinieer soos in Afdeling 13 van die Wet op Beroepsgesondheid in Myne en Werke (ODMWA), wat 'n persoon definieer as besig om risikowerk te doen wanneer hy of sy blootgestel word aan stof waarvan die samestelling of konsentrasie skadelik of potensieel skadelik is, of aan gasse, dampe, chemiese stowwe, faktore of werkstoestande wat skadelik of potensieel skadelik is.

Sekere van die 83 myne het met verloop van tyd van eienaarskap verander. Die ooreenkoms geld vir hierdie kwalifiserende myne slegs vir daardie tydperk waarin hulle deel was van die ses maatskappye wat die skikkingsooreenkoms aangegaan het.

Dit geld vir daardie werknemers wat vir die tydperk tussen 12 Maart 1965 en 10 Desember 2019 (die effektiewe datum) risikowerk gedoen het en by daardie myne gewerk het, en diegene wat voorheen silikose opgedoen het of wat voor Desember 2031 met silikose gediagnoseer word, of wat TB opgedoen het terwyl hulle by daardie myne gewerk het of binne 'n jaar nadat hulle die myn verlaat het.

Dit geld egter nie vir diegene wat deel van enige ander silikoseskikking was nie, die Qhubeka Trust-skikking ingesluit, of vir daardie paar mense wat besluit het om tydens die uitsluitingstydperk laat in 2019 van die skikking uitgesluit te word.

Trustees

Drie trustees is deur die deelnemende maatskappye genomineer, twee deur die eisers se prokureurs en een deur die staat. Die eerste voorsitter van die Trust is gesamentlik deur die maatskappye en die prokureurs van die eisers genomineer.

Trustadvieskomitee

Die Trust is verplig om die aanstelling te verseker van 'n trustadvieskomitee bestaande uit verteenwoordigers van die staat, vakbonde, gemeenskapsleiers en NRO's, en ander wat die trustees dink 'n nuttige adviesrol vir die Trust kan vervul.

Skikkingsklasse en voordeelwysigers

Die tien klasse is hier gewys. Die gespesifiseerde bedrae is die maksimum wat 'n eiser deur die Tshiamiso Trust kan ontvang as hy of sy aan al die vereistes voldoen.

Die kwalifiserende vereistes en die veranderings of wysigers wat die Tshiamiso Trust moet toepas, word deur die Trustakte vereis.

Waar 'n eiser by sowel een of meer van die 83 kwalifiserende myne gewerk het, asook by ander niekwalifiserende myne en silikose of werkverwante TB opgedoen het, kwalifiseer hy of sy dalk net vir 'n pro rata-proporsie van die volle bedrag van die eis. Enigeen wat egter vir minstens 30 jaar by 'n kwalifiserende myn gewerk het, se voordeel sal nie op hierdie manier gewysig word nie. Dieselfde geld vir die afhanklikes van sodanige oorlede eisers.

Waar 'n kwalifiserende eiser risikowerk by 'n kwalifiserende myn gedoen het maar nie tydens 'n kwalifiserende tydperk nie, sal die betaalbare voordele aan hom of haar pro rata vir daardie tydperk verminder word.

'n Kwalifiserende eiser mag slegs een klas voordeel ontvang, selfs indien hy of sy silikose sowel as TB opgedoen het. Dit geld ook vir gevalle waar die eiser se toestand dalk na 'n volgende stadium van 'n siekte mag vorder nadat 'n voordeel reeds betaal is. Sodra dit betaal is, sal sodanige eisers nie weer ingevolge sy of haar swakker toestand kan eis nie.

Onder sekere omstandighede kan 'n voordeelbetaling dalk met 'n bedrag verminder word wat deur die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SAID) bepaal word en daardie bedrag aan die SAID oorbetaal word.

Waar daar meer as een afhanklike eiser is, sal die totale saamgestelde bedrag betaalbaar aan sodanige eisers nie die totale voordeel betaalbaar vir daardie toestand oorskry nie.

Waar die ODMWA-voordeel vir silikose of TB ná 10 Desember 2019 deur 'n aankondiging in die Staatskoerant verhoog word, en die kwalifiserende eiser daarop geregtig word om hierdie verhoogde bedrag vanaf die kompensasiekommissaris vir arbeidsverwante siektes (CCOD) te ontvang, sal die voordeel wat deur die Tshiamiso Trust betaal word met daardie bykomende bedrag verminder word.

Hier is die tien skikkingsklasse:

1	**Silikose Klas 1: tot R70 000;** dit is 'n vroeë stadium van silikose (longfunksieverswakking van tot 10%) wat nie ingevolge ODMWA kompenseerbaar is nie;
2	**Silikose Klas 2: tot R150 000;** dit is die ekwivalent van eerstegraadse silikose in ODMWA;
3	**Silikose Klas 3: tot R250 000;** dit is die ekwivalent van tweedegraadse silikose in ODMWA;
4	'n Spesiale toekenning van tot R500 000. Hierdie kategorie verleen verligting aan 'n klein getal kwalifiserende eisers wat aan uitsonderlike siektetoestande ly wat dié van die meeste ander silikose-eisers oorskry. Daar is geen ekwivalente ODMWA-kompensasiekategorie nie;
5	Afhanklike van 'n oorlede kwalifiserende silikose-eiser wat tussen 12 Maart 1965 en 10 Desember 2019 gesterf het: tot **R100 000,** waar silikose as die primêre oorsaak van dood beskou is;
6	Afhanklike van 'n oorlede kwalifiserende silikose-eiser wat tussen 1 Januarie 2008 en 10 Desember 2019 gesterf het, waar die oorledene die toestand gehad het waarna in 2 of 3 hierbo verwys word: tot **R70 000;**
7	Eerstegraadse tuberkulose. 'n Kwalifiserende eiser moet: (i) vir twee jaar ondergronds by 'n kwalifiserende myn gewerk het, en (ii) binne 'n jaar nadat hy of sy minstens een skof by 'n kwalifiserende myn gewerk het, met eerstegraadse tuberkulose gediagnoseer gewees het: tot **R50 000;**
8	Tweedegraadse tuberkulose (dieselfde toestande as 7 hierbo behalwe vir diagnose van tweede graad): tot **R100 000.** Die tuberkulosediagnoses stem ooreen met MBOD-definisies;
9	"Historiese" tuberkulose (in die afwesigheid van mediese verslag wat die graad van tuberkulose bepaal): 'n Kwalifiserende eiser moet: (i) vir 2 jaar tussen 12 Maart 1965 en 28 Februarie 1994 by 'n kwalifiserende myn gewerk het, en (ii) met 'n tuberkulosesertifikaat uitgereik word (sonder om die graad van tuberkulose aan te dui) binne 'n jaar nadat hy of sy minstens een skof by 'n kwalifiserende myn gewerk het: tot R10 000, en onder dieselfde omstandighede as (i) en (ii) hierbo maar met bewys van eerstegraadse tuberkulose: tot **R50 000** of tweedegraadse tuberkulose: tot **R100 000;**
10	Afhanklike van 'n oorlede kwalifiserende tuberkulose-eiser waar: (i) die oorledene vir twee jaar ondergronds by 'n kwalifiserende myn gewerk het; (ii) die oorledene binne 'n jaar gesterf het nadat hy of sy minstens een skof by 'n kwalifiserende myn gewerk het, en (iii) tuberkulose die primêre oorsaak van die oorledene se dood was: tot **R100 000.**

Vanaf die derde jaar in die bestaan van die Trust (Februarie 2023), sal kompensasievlakke in ooreenstemming met die Verbruikersprysindeks vir inflasie aangepas word om te verseker die waarde van kompensasiebedrae word nie deur inflasie geërodeer nie.

Die opsporing van eisers

Dit is die taak van die Trust om gedurende die eerste tien jaar van die bestaan van die Trust soveel kwalifiserende eisers moontlik op te spoor.

Om dié proses aan te help:

1	Die eisers se prokureurs word verplig om besonderhede aan die Trust te verskaf van al daardie eisers namens wie hulle in die klasaksiegeding opgetree het;
2	Die deelnemende maatskappye word verplig om alle beskikbare indiensnemingsrekords van werknemers te verskaf wat gedurende kwalifiserende tydperke risikowerk by kwalifiserende myne gedoen het;
3	Hoewel dit nie 'n vereiste van die Trustakte is nie, het die stigtingsmaatskappye ook tersaaklike inligting vanaf TEBA verkry oor werknemers wat deur hulle gewerf is;
4	Die Trust werk ook saam met die Mediese Buro vir Beroepsiektes (MBOD) om inligting oor individue te bekom wat eise vir kompensasie daar ingedien het, en tot die mate waarin dit haalbaar is probeer om duplisering te voorkom van werk in verband met individue wat op voordele van sowel die Trust as die MBOD geregtig is.

INDIENING VAN EISE

Eisers moet alle eise deur 'n eisindieningsbeampte indien.

As die eisindieningsbeampte nie tevrede is dat 'n eiser die nodige dokumente verskaf het om sy of haar eis te staaf nie, sal die eisindieningsbeampte die eiser in kennis stel watter dokumente uitstaande is en, waar gepas, die eiser in die verkryging van sodanige dokumentasie bystaan.

Dit kan dalk tyd verg om sekere dokumente, waaronder indiensnemingsrekords, te verifieer hoofsaaklik in die lig van die aard van onvoldoende rekordhouding, veral in die vroeë jare.

As die eisindieningsbeampte tevrede is die vereiste dokumente is deur die eiser verskaf, sou hy of sy die mynwerker eerder as 'n afhanklike van die mynwerker wees, sal die eiser na 'n geakkrediteerde mediese praktisyn vir 'n mediese ondersoek verwys word.
Hierdie mediese ondersoek sal nie nodig wees as die eiser in enige van die volgende kategorieë val nie:

1	As die eiser reeds 'n mediese verslag het, moet dit en ander eisdokumente by die paneel vir mediese sertifisering ingedien word;
2	As die eiser 'n goedgekeurde ODMWA-sertifikaat het wat ná 10 Desember 2019 uitgereik is, moet dit by die Trustsertifiseringskomitee ingedien word;
3	As 'n goedgekeurde ODMWA-sertifikaat voor 10 Desember 2019 aan die eiser uitgereik is, moet daardie eiser die keuse gegee word om die sertifikaat by die Trustsertifiseringskomitee in te dien, of die eiser mag pleks daarvan volgens sy of haar keuse vir 'n verdere mediese ondersoek verwys word bestaande uit 'n longfunksietoets om te evalueer of die eiser se toestand intussen verswak het.

As dit duidelik is uit die dokumente wat ingedien is dat 'n eiser onder geen omstandighede as 'n geskikte eiser gesertifiseer kan word nie, sal die eisindieningsbeampte 'n interne rekord van ongeskiktheid vir eise skep en 'n kennisgewing van ongeskiktheid aan die eiser uitreik wat die redes vir die besluit uiteensit.

'n Eiser mag binne 30 dae nadat dit aan hom of haar uitgereik is, versoek dat die kennisgewing van ongeskiktheid hersien word.

STRUKTURE EN PROSEDURES

FASILITEITE VIR MEDIESE ONDERSOEKE

Die Trust is verplig om fasiliteite vir mediese ondersoek daar te stel om betroubare ondersoeke uit te voer, waaronder post-mortem-ondersoeke waar van toepassing. Die Trustees sal 'n register saamstel en in stand hou van goedgekeurde mediese fasiliteite, liggame en praktisyns.

PANEEL VIR MEDIESE SERTIFISERING

'n Paneel vir mediese sertifisering bestaande uit twee tot drie kenners van arbeidsverwante longsiektes moet saamgestel word om elke mediese verslag te evalueer wat ter ondersteuning van kompensasie-eise ingedien word.

TRUSTSERTIFISERINGSKOMITEE

'n Trustsertifiseringskomitee bestaande uit gekwalifiseerde individue is nodig om dokumente rakende elke eis te evalueer wat deur 'n eisindieningsbeampte en vanaf die paneel vir mediese sertifisering ingedien word om te bepaal of elke eis geldig is.

BETALINGSADMINISTRATEUR

Die betalingsadministrateur se plig is om behoorlik te verseker dat elke persoon aan wie 'n voordeel betaal word behoorlik en akkuraat geïdentifiseer is om te verseker geen vals eise word betaal nie.

EISE VAN INDIVIDUE WAT DALK NÁ DIE "EFFEKTIEWE DATUM" GESTERF HET

As 'n eiser op 10 Desember 2019 geleef het maar gesterf het voordat hy of sy 'n eis kon indien, mag die eksekuteur van die boedel die eis indien.

MEDIESE ONDERSOEK

Wanneer 'n eiser 'n mediese ondersoek ondergaan en die eiser het vir meer as vyf jaar risikowerk by een of meer van die kwalifiserende myne gedoen, sal die Trust die koste van die mediese ondersoek dra. Wanneer 'n eiser 'n mediese ondersoek ondergaan maar minder as vyf jaar lank risikowerk by een of meer kwalifiserende myne gedoen het, sal die eiser die koste van die ondersoek dra, maar vir daardie kostes vergoed word wanneer hy of sy as 'n kwalifiserende eiser gesertifiseer en 'n voordeel betaal word.

Ná die ondersoek sal die geakkrediteerde praktisyn (met bystand van die eisindieningsbeampte) 'n mediese verslag tesame met die indieningsdokumente by die paneel vir mediese sertifisering indien. 'n Mediese verslag kan X-strale en ander diagnostiese beelde, en die resultate van longfunksietoetse insluit.

Die paneel vir mediese sertifisering sal die mediese verslag nagaan en, indien tevrede, 'n sertifikaat van mediese bevinding uitreik. Tensy die sertifikaat van mediese bevinding aandui dat 'n eiser nie medies kwalifiseer nie, of dat die oorlede mynwerker in die geval waar 'n afhanklike 'n eis indien, nie medies kwalifiseer nie, sal die paneel vir mediese sertifisering die sertifikaat van mediese bevinding saam met die ander indieningsdokumente by die Trustsertifiseringskomitee indien.

Sou 'n sertifikaat van mediese bevinding weerspieël dat 'n eiser (wat nie 'n afhanklike is nie) nie medies kwalifiseer nie, mag hy of sy een (1) – en slegs een – verdere eis indien en geregtig wees op 'n bykomende sertifikaat van mediese bevinding gegrond op 'n verdere mediese verslag. Die eiser sal die koste van die ondersoek dra, maar sal vir daardie kostes vergoed word as en wanneer hy of sy as 'n kwalifiserende eiser gesertifiseer word en 'n voordeel betaal word.

BETALINGSADMINISTRATEUR MOET BETALING VAN DIE VOORDEEL VERGEMAKLIK

Sodra dit deur die agent nagegaan is, wat tot 90 dae het om hierdie taak af te handel, word alle positief gesertifiseerde besluite van die Trustsertifiseringskomitee by die betalingsadministrateur ingedien, wat die suksesvolle eiser se bankrekening bekragtig en die goedgekeurde betaling in daardie bankrekening maak. Die betalingsadministrateur sal gedetailleerde rekeninge van voordeelbetalings in stand hou.

VRYSTELLINGSVORM

'n Eiser sal verplig word om 'n vrystellingsvorm te onderteken waarin hy of sy verskillende erkennings rakende die toekomstige aanspreeklikheid van die Trust, die maatskappye en die eiser se prokureurs teenoor hom of haar maak, asook die reg van die Trust om persoonlik identifiseerbare inligting in te win, te verwerk en in sekere gevalle openbaar te maak.

PROGRAM VIR FINANSIËLE GELETTERDHEID

Die Trustees sal, waar redelik en prakties, 'n program vir finansiële geletterdheid vestig wat eisers ondersteun wat voordele deur die Trust ontvang sodat inligting oor finansiële geletterdheid aan hulle verskaf kan word, waaronder, waar prakties, die bywoning van werkswinkels oor inligting aangaande finansiële geletterdheid.

NIEPROGRESSIE

As 'n sertifikaat van mediese bevinding toon dat 'n eiser nie medies kwalifiseer nie, kan hy of sy nie later nog 'n mediese verslag indien wat 'n verskillende toestand toon nie, selfs al is dit so dat 'n eiser se toestand verswak het. Dieselfde geld waar 'n afhanklike reeds een mediese verslag ingedien het wat toon 'n oorlede mynwerker kwalifiseer nie op mediese gronde nie. Geen bykomende mediese verslag wat 'n verskillende toestand toon in verband met 'n oorlede mynwerker kan oorweeg word nie

As 'n sertifikaat van mediese bevinding rakende 'n oorlede persoon namens wie 'n afhanklike 'n eis ingedien het, weerspieël dat die oorlede persoon medies nie vir 'n voordeel kwalifiseer nie, sal geen verdere mediese verslag vir sertifisering oorweeg kan word nie.

Soos reeds hierbo gestel; sou 'n sertifikaat van mediese bevinding weerspieël dat 'n eiser (wat nie 'n afhanklike is nie) medies nie kwalifiseer nie, mag hy of sy een – en slegs een – verdere eis indien en geregtig wees op 'n bykomende sertifikaat van mediese bevinding gegrond op 'n verdere mediese verslag. Die eiser sal die koste van die ondersoek dra maar sal vir daardie kostes vergoed word as en wanneer hy of sy as 'n kwalifiserende eiser gesertifiseer word en 'n voordeel betaal word.

BEDROGBESKERMINGSPROGRAM

Die Trustees is verplig om 'n bedrogbeskermingsprogram te vestig wat ontwerp is om misbruik van die voordele te voorkom wat deur die Trust verskaf word.

PANEEL VIR MEDIESE ADVIES

Die Trustees mag 'n mediese paneel aanstel, bestaande uit minstens twee gekwalifiseerde mediese praktisyns met kundigheid en ervaring in die evaluering van respiratoriese agteruitgang en arbeidsverwante longsiektes om hulle oor enige medies verwante kwessies te adviseer.

HERSIENINGSGESAG

Die Trustees word verplig om 'n funksie vir dispuutoplossing te vestig wat uit die volgende bestaan

- die mediese hersieningsgesag en
- die hersieningsgesag vir sertifisering.

Sou 'n eiser die sertifikaat van mediese bevinding, die sertifisering of 'n kennisgewing van ongeskiktheid betwis wat aan hom of haar uitgereik is, mag die eiser die dispuut binne dertig dae na die hersieningsgesag vir dispuutoplossing verwys.

KWALIFISERENDE MYNE EN KWALIFISERENDE TYDPERKE TEN OPSIGTE VAN KWALIFISERENDE MYNE

Die volledige besonderhede hiervan is in Skedule F van die Trustakte.

FUNKSIES VAN DIE TRUST

PLIGTE VAN DIE TRUSTEES

Die Trustees is verplig om die Trust se Doel na te kom. Dit is om uitvoering te gee aan die skikkingsooreenkoms en, op hierdie grondslag, voordele aan kwalifiserende eisers te verskaf. Die Trustees moet dit so gou as wat redelikerwys moontlik is doen ooreenkomstig die bedrae, en al die prosesse en vereistes wat in die Trustakte uiteengesit word.

–

Die Trustees is verplig om die Trust se Doel na te kom. Dit is om uitvoering te gee aan die skikkingsooreenkoms en, op hierdie grondslag, voordele aan kwalifiserende eisers te verskaf. Die Trustees moet dit so gou as wat redelikerwys moontlik is doen ooreenkomstig die bedrae, en al die prosesse en vereistes wat in die Trustakte uiteengesit word.

- Bemarking en inligting;
- Hoe die prioriteit van die opsporing van en uitvoering van mediese ondersoeke op potensiële eisers aandag sal kry;
- Die vestiging en instandhouding van die vermoë om mediese ondersoeke uit te voer;
- Die vestiging en instandhouding van plekke waar eisindieningsbeamptes hul pligte kan uitvoer;
- Die vestiging en instandhouding van inligtingstegnologie-, begrotings- en algemene administrasiestelsels

HULPBRONNE, STELSELS EN PERSONEEL

Die Trustees word verplig om die nodige stelsels en prosesse daar te stel en in stand te hou, waaronder inligtingstegnologiestelsels, om die eisindieningsbeamptes, Trustsertifiseringskomitee en betalingsadministrateur in staat te stel om hul pligte ingevolge hierdie Trustakte na te kom.

REKENINGE EN VERSLAE

Die Trustees sal verseker dat behoorlike finansiële boeke en verslae gehou word rakende die sake van die Trust en die administrering van die Trustfonds wat hul administrering van die sake en besigheid van die Trust werklikheidsgetrou en akkuraat weerspieël en die transaksies en finansiële posisie van die Trust op rekord plaas.

AJV

Die Trustees moet binne ses maande vanaf die einde van elke finansiële jaar van die Trustresolusie minstens een vergadering van die Trustees byeenroep.

BEËINDIGING VAN DIE TRUST

Die Trust sal vir 12 jaar bly bestaan